Bronberg

AKADEMIE

waarheid lig liefde

Hier vind jy

gelukkige kinders

# NASKOOLSENTRUM

# PROSPEKTUS 2026

# INHOUDSOPGAWE

I **INLEIDING**: NASKOOLSENTRUM BRONBERG AKADEMIE (Edms) Bpk.

II **BELEID EN ORGANISASIE**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Naskoolsentrum tye | 4 |
| 2. | Fooiestruktuur | 4 |
| 3. | Toesig en dissipline | 5 |
| 4. | Kleredrag | 6 |
| 5. | Maaltye | 6 |
| 6. | Afhaal van leerders | 6 |
| 7. | Finansies | 7 |
| 8. | Studietye | 7 |
| 9. | Vermaak | 8 |
| 10. | Kleedkamers | 8 |
| 11. | Algemeen | 8 |


* **In hierdie skrywe verwys ouers na ouers en/of voogde en/of gesaghebbende figure soos bekend aan Bronberg Akademie**.

**“Children think not of what**
**is past, nor what is to come,**
**they just enjoy the present!"**

**GEAGTE NASKOOLOUERS EN -LEERDERS**

Ons verwelkom u as gesin by die naskoolsentrum van Bronberg Akademie (Edms) Bpk. Baie dankie dat u die vrymoedigheid het om u kind aan ons toe te vertrou.

Soos reeds aan u voorgehou, wil die naskoolsentrum 'n positiewe diens aan u as ouers lewer. Sonder u samewerking is dit egter vir ons onmoontlik om hierdie doelstelling te bereik. Wanneer u enige probleme ondervind, nooi ons u uit om dit onmiddellik met ons te bespreek.

Kom ons gebruik hierdie geleentheid om mekaar positief te ondersteun en om vir u kind 'n gulde geleentheid te skep om op alle vlakke sy/haar beste te lewer en ook om op ‘n interpersoonlike vlak hom/haar te ontwikkel tot dié totale menswees waartoe hulle geroep is.

**Ons doel is:**

- **om aan u kind 'n rustige en gesellige atmosfeer te bied.**
- **om 'n stukkie van die ouerhuis in die naskool in te bring deur dit vir hulle so gerieflik en aangenaam as moontlik te maak.**

## I INLEIDING: NASKOOLSENTRUM BRONBERG AKADEMIE (Edms) Bpk.

Bronberg Akademie (Edms) Bpk. bied die geleentheid aan alle persone betrokke om hul volle potensiaal in Christus te ontwikkel. Dit is ‘n unieke geleentheid vir u kind om onder leiding van toegewyde persone hierdie ideaal na te strewe. Aangesien die naskoolsentrum ‘n verlengstuk van die skool en ouerhuis is, en onlosmaaklik die twee verbind, is die doelstelling van ons naskoolsentrum om aan albei partye betrokke ‘n doeltreffende en positiewe diens te lewer. Dit is ‘n vennootskap wat die

gemeenskaplike doel het om die kind ‘n geborge, veilige en liefdevolle omgewing te bied waarin die kind op kognitiewe-, emosionele- en sosiale gebied kan ontwikkel.

Om hierdie doelstellings te bereik, is dit noodsaaklik dat daar na streng en doeltreffende bestuur gekyk word. Daarom is dit ‘n vereiste dat ‘n aansoekvorm deur elke ouer ingevul word, wat dien as kontrak tussen die naskoolsentrum en ouer.

**II BELEID EN ORGANISASIE**

**1. Naskoolsentrumtye**

1.1 Maandag tot Vrydag vanaf **13:00 tot 17:00** vir die **Juniors(Gr RR – 3)** en vanaf **13:30- 17:00** vir **Seniors(Gr 4 – 7).**

1.2 Die naskoolsentrum sal naweke, publieke vakansiedae, Bronberg Akademie langnaweke en skoolvakansies gesluit wees. **Op dae wanneer die skool sluit**, sal daar geen naskool wees nie.

**2. Betalingswyse**

2.1 **PLAN A**: ‘n Vaste bedrag van **R1440-00** per maand gereken oor 11 maande, betaalbaar vanaf 1 Januarie tot 1 November. Vir 'n **tweede & derde kind** beloop die koste **R1210-00** per maand. Hierdie pakket sluit voldagversorging vanaf Maandag tot Vrydag in (**vakansieversorging uitgesluit**). Leerders moet daagliks afgehaal word **voor of op 17:00.**

**PLAN B**

Halfdag: ‘n Vaste bedrag van **R1150-00** per maand gereken oor 11 maande, betaalbaar vanaf 1 Januarie tot 1 November. Vir 'n **tweede & derde kind** beloop die koste **R840-00** per maand. Hierdie pakket sluit halfdagversorging vanaf Maandag tot Vrydag in (**vakansieversorging uitgesluit**). Leerders moet daagliks afgehaal word **voor of op 15:00**.

**PLAN C**

Leerers wat net per geleentheid die naskool wil bywoon sal 'n bedrag van **R110-00** per dag betaal. Hierdie leerders moet ook **voor of op 17:00**

afgehaal word. Indien u kind 10 of meer dae per maand die na-skool bywoon, val die kind in Plan A of B per maand.

2.2 Beide Plan A, Plan B asook Plan C sluit ‘n ligte middagete in en Plan A en C ook ‘n laatmiddag versnapering.

2.3 Alle naskoolfooie word getoon op die skoolrekening en is dus nie betaalbaar aan enige naskoolpersoneel nie.

## 3. <u>Toesig en dissipline</u>

3.1 Indien ‘n leerder, wat by die naskoolsentrum ingeskryf is, nie die naskoolsentrum kan bywoon nie, moet die ouer ons skriftelik per e-pos of telefonies van die reëling in kennis stel.

3.2 Ter wille van die kind se eie veiligheid sal GEEN kind toegelaat word om die terrein op hul eie te verlaat nie, tensy soos hierbo gereël. Die bywoningsregister **moet afgeteken word** sodra ‘n leerder die sentrum verlaat.

3.3 Register word daagliks geneem tydens etenstye.

3.4 Let Wel: Indien ‘n leerder van **Graad RR tot 7 om 13:30 NOG OP DIE SKOOLTERREIN IS**, moet hy of sy ingeskakel wees by ‘n naskoolse aktiwiteit of by die naskoolsentrum. Indien nie, word hy of sy outomaties na die naskoolsentrum geneem, **waar toesig gehou sal word teen die ouer se rekening.** Geen kind mag op die terrein of buite die skoolhekke sit en wag om afgehaal te word nie.

3.5 Ernstige oortredings by die naskoolsentrum sal met Dr. Ronel Wiese bespreek word, en dan sal daar met die ouer in gesprek getree word.

3.6 Die naskoolsentrum behou die reg voor om na oorlegpleging met ouers en dagbestuur van die skool enige kind wat nie die gedragskode van die skool onderskryf nie, te weier.

**4. <u>Kleredrag</u>**

4.1 Ouers word vriendelik versoek om leerders te motiveer om gemaklike klere saam te bring. Klere moet in ‘n aparte sak gehou word, nie in die skooltas nie, omdat boeke te veel verniel. Leerders kry genoeg tyd om te verklee. Die naskool wil ‘n informele huislike milieu skep, en op dié wyse word die skoolklere gespaar en nie verniel nie.

4.2 Indien daar vreemde klere in u kind se sak beland, stuur dit asseblief terug na die naskoolsentrum.

**5. <u>Maaltye</u>**

5.1 Dit staan u vry om vir u kind enige ekstra versnaperinge saam te stuur vir die middag.

5.2 ‘n Volledige spyskaart is beskikbaar by die kombuis op versoek.

5.3 Spesiale reëlings moet getref word indien u kind enige allergieë of gesondheidsprobleme ondervind. Verwittig asseblief Dr. Ronel Wiese skriftelik.

**6. <u>Afhaal van leerders</u>**

6.1 Geen kind word toegelaat om by die hekke vir ouers te wag nie.

6.2 Indien iemand anders u kind kom afhaal, moet ons skriftelik, per e-pos of telefonies in kennis gestel word by **010 446 8328.**

6.3 Ouers word daarop gewys dat daar ‘n register is waarop u u kind daagliks **moet** afteken as hy/sy afgehaal word by die naskool.

6.4 **<u>NEEM KENNIS:</u>** 'n **Heffing** van **R50-00** vir elke **15 minute** sal van toepassing wees na 17:00 ter vergoeding vir die Naskool Personeellid aan diens.

**7. <u>Finansies</u>**

7.1 Aan die einde van elke maand sal die naskoolbedrag deur u verskuldig op die skoolrekening verskyn en hierdie bedrag word per debietorder afgetrek.

7.2 Maandelikse betaling moet geskied **voor of op die 3de dag van elke maand**.

7.3 Indien u kind op Plan A by die naskoolsentrum ingeskryf is, sal van u verwag word om ons **'n maand kennis te gee** indien u kind nie meer van die naskoolsentrum gebruik gaan maak nie.

**8. <u>Studietye</u>**

8.1 Vir **Gr. 1 – Gr. 7** is daar 'n verpligte studiesessie tussen **14:00 en 15:00**. Leerders gaan na die betrokke buitemuurse aktiwiteit en meld aan vir huiswerk en u as ouer word versoek om gereeld ook na die huiswerkboek van u kind te kyk om seker te maak dat alles gedoen word. Ons sal vir u in die huiswerkboek 'n brief stuur indien dit nodig is. Die naskoolpersoneel teken elke middag die huiswerkboek en u kan dit dan ook kontroleer.

8.2 Indien u kind aan naskoolse aktiwiteite deelneem wat gedurende die naskoolsentrum se studiesessie plaasvind, is dit sy/haar verantwoordelikheid om na die tyd aan te meld sodat die huiswerk gedoen kan word. Indien 'n leerder nie die volle studiesessie bywoon nie, sal hy/sy net hulp ontvang tot die sessie verstryk. **Buite studiesessies sal leerders ongelukkig nie professionele hulp ontvang met huiswerk nie.**

8.3 Indien die huiswerkboek nie deur die naskoolpersoneel geteken is nie, moet u aanvaar dat die betrokke huiswerk nie gedoen is nie a.g.v. buitemuurse aktiwiteite. Ouers word dan aangemoedig om huiswerk tuis af te handel.

8.4 **Let Wel:** Elke leerder moet ook 'n potlood, uitveër en die nodige skryfbenodigdhede en 'n rofwerkboek na die naskool bring vir die voltooiing van die huiswerk. **Geen skryfbehoeftes word voorsien nie.**

## 9. Vermaak

9.1 Op die speelterrein is apparaat beskikbaar waarop die leerders mag speel. U word egter aangemoedig om vir u kind eenvoudige speelgoed in te pak wat daagliks saamgebring word na die naskoolsentrum, bv. springtou, tolle, balle, karretjies en enige ander eenvoudige speelgoed. Ons wil u kind help om te ontspan in 'n rustige atmosfeer en aan hulle die geleentheid bied om te speel. Help ons daarmee asseblief.

9.2 **Geen personeellid van die Naskoolsentrum kan verantwoordelik gehou word vir enige beserings of enige verliese wat leerders tydens toesigtyd opdoen nie**.

## 10. Kleedkamers

10.1 Naskoolleerders maak gebruik van die skool se kleedkamers. Leerders moet asseblief gemaan word om dit skoon en netjies te hou.

## 11. Algemeen

11.1 Die selfoonnommers, soos verskaf, moet u altyd byderhand hou sodat ons direk met u in verbinding kan tree, indien nodig.

U samewerking word waardeer.
**Bronberg Akademie (Edms) Bpk.**